Spanseremonies (b)

Graad 5

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Doelbewus te leer om kreatief, gedissiplineerd, en met ‘n bepaalde doel voor oë, op te tree.
2. Te leer om saam met ‘n groep, in belang van die groep, op te tree.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Beskik oor formele Voortrekkerdrag.
2. Die basiese drilbewegings kan uitvoer naamlik: Aandag, Op die plek rus, Regs om, Links om, Voorwaarts mars en Halt.
3. Weet waarom seremonies gebruik word.
4. Weet wat die vereistes vir ‘n goeie spanseremonie is.
5. Deelneem aan minstens vier verskillende spanseremonies wat deur die Offisier beplan is.
6. Kan bepaal watter hulpmiddels (dekor) vir die vier seremonies nodig sal wees.
7. Onder leiding van die aanbieder help om minstens een spanseremonie te beplan.
8. Een spanseremonie krities kan evalueer, foute en suksesse kan uitwys en aanbevelings maak.

LW. Die kind hoef nie die seremonie waaraan hy gaan deelneem self uit te werk nie, maar moet aan ‘n klaar beplande seremonie **DEELNEEM** en dit **BELEEF**.

C AANBIEDING

1. Skaf vir uself ‘n “Seremonies” boekie aan.
2. Verdere inligting is in die *Ondersteuningsboek vir Penkop- en Drawwertjie Offisiere*.
3. Vereistes 2 moet reeds voor die aanvang van die kursus aandag kry. Oefen die bewegings deeglik om sodoende netjiese seremonies te verseker.
4. Vereiste 3 en 4 is teorie wat vooraf deur middel van ‘n gesprek behandel kan word of maak dit deel van die praktiese inoefening van die seremonies en hanteer dit soos die geleenthede hul voordoen.
5. Vereiste 5. Bepaal vooraf watter 4 seremonies in u spanprogram inpas. Probeer om minstens een seremonie te kies wat herhaaldelik moet plaasvind byvoorbeeld spanvlaghysing. Doen die beplanning as span saam, gebruik die geleentheid om kreatiewe denke by die spanlede aan te moedig, wys uit hoekom sekere planne uitvoerbaar is en ander nie.
6. Vereiste 6 Die keuse en gebruik van hulpmiddels soos dekor, musiek, vlae en baniere is baie belangrik vir die trefkrag van die seremonie. Gee dus aan elke kind die geleentheid om voorstelle te maak. Bespreek dit in die groep, wys uit hoekom sommige voorstelle werkbaar is en ander nie. Doen die oefening dikwels totdat die kinders vertroud is daarmee.
7. Vereiste 7 Die beplanning van ‘n seremonie sluit die volgende in: hoekom doen ons dit, wanneer gaan ons dit doen, waar gaan dit gedoen word, hoe gaan ons dit doen, sluit dit mense buite die span in of nie, van watter hulpmiddels kan ons gebruik maak, moet hulpmiddels vervaardig word en wie gaan dit doen, watter musiek is geskik en wie word almal betrek by die uitvoer van die seremonie.
8. Vereiste 8 Hier sal u aanvanklik heelwat leiding moet gee sodat die kinders besef dat die saak en nie ‘n persoon gekritiseer word nie. Hulle moet geleer word hoe om kritiek te lewer sowel as om kritiek te hanteer. Maak hulle ook bewus daarvan dat kritiek gewoonlik opgevolg word met ‘n aanbeveling.
9. Dié spesialisasie kan by u byeenkomste of op ‘n kamp gedoen word. Laat genoeg tyd toe vir beplanning, inoefening en uitvoering. Sorg dat die kinders weer opgewonde raak oor mooi seremonies.